Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 25 Februarie 1948 No. 13

# Brittanje Uitgedruk Deur Kleintjies

Bewus van die Britse onmag, gaan Argentinië en Chili ongehinderd voort om die eilande in die Falkan-gebied, wat Engeland as sy eiendom beskou, te annekseer.

Vlooteenhede van Argentinië, Chili en Brittanje beweeg tans in hierdie waters om hul aansprake te ondersteun. Chili het reeds sy vlag op die Greenwich-eiland geplant en 'n leërbasis daar opgerig. Grahamland ('n skiereiland op die vasteland van Antarktika) sal ook deur Chili ingepalm word.

Die Chileense president het in 'n verklaring gesê dat daar aanduidings is dat die Suidpooleilande ryk is aan uraan — die mineraal waaruit atoomkrag verkry word.

Ten spyte van Britse dreigemente en vlooteenhede wat soontoe haas, het Argentinië reeds 'n leërbasis op die eiland Deception opgerig. Verwag word dat die eiland vandeesweek amptelik in die naam van Argentinië geannekseer sal word. Die portret van pres. Peron sal dan onthul word.

Intussen het 'n ander Suid-Amerikaanse staatjie, die Republiek van Guatemala, geëis dat Brittanje Hondarus ontruim omdat die gebied hom toekom. Hy ondersteun ook die eise van Argentinië en Chili.

# A.P. Kry 6 Setels In Transvaal

**Die Afrikanerparty sal ses setels in Transvaal met die aanstaande algemene verkiesing betwis. Nie een hiervan word tans deur die H.N.P. in die volksraad verteenwoordig nie en die meerderhede waarmee die V.P. die setels tans hou, wissel van 486 tot 2,208 stemme.**

Die volgende is die setels (die name van die huidige verteenwoordiger en die meerderheid wat hy in 1943 behaal het, volg in hakies: **Middelburg** (dr. H. O. Eksteen, V.P. — 883); **Pretoria-Distrik**, (mnr. W. J. Prinsloo — 486); **Lydenburg**, (mnr. J. F. Mare — 991); **Potchefstroom**, (mnr. H. van der Merwe — 890); **Brakpan** (mnr. A. E. Trollop — 1679); **Roodepoort** (mnr. F. B. Allen — 2,208); **Bethal—Middelburg** ('n nuwe setel, voorheen Bethal, is deur mnr. J. P. Fourie in 1943 met 666 stemme vir die V.P. behou).

In Johannesburg is aangekondig dat die Transvaalse Nasionale Party sy goedkeuring aan hierdie reëling geheg het. Die name van die kandidate wat hierdie setels gaan betwis, is reeds aan die H..N.P. voorgelê maar sal later aangekondig word.

Besonderhede oor die ander setels wat die A.P. sal betwis, is nog nie bekend gemaak nie, maar volgens gerugte sou altesame elf setels na die A.P. gaan.

Die Engelse pers het die afgelope week berig dat Frankfort in die Vrystaat aan mnr. N. C. Havenga toegesê is, en dat die sittende H.N.P.-lid, kol. Döhne, 'n setel in die senaat sal kry. Dit word egter deur die leier van die H.N.P. in die Vrystaat, adv. C. R. Swart, ontken.

## S.A. Voorperd In Britse Ryk

**Suid-Afrika — met sy klein blanke bevolking — het sy vooroorlogse posisie as die grootste mark vir Britse goedere herwin, berig Sapa-Reuter uit Londen. Die tweede plek word deur Indië ingeneem, met Australië derde en Ierland vierde. Argentinië het van die vyftiende plek opgeskuif na nommer agt.**

## 17,000 In 7 Maande

**Gedurende die eerste sewe maande van verlede jaar het 17,091 immigrante die land binne gekom. Volgens verklaring van die regering is 7,000 immigrante wat deur die staat gewerf is, in nege maande na die Unie gebring. Dit blyk dus dat baje meer „ongekeurde" immigrante die land binnekom as die sogenaamde „gekeurde" vakmanne onder die regeringskema.**

**Teenoor die 17,091 immigrante het daar egter 5,682 Suid-Afrikaners die land in die eerste sewe maande van verlede jaar vir goed verlaat.**

# 'N SKANDAAL AAN GANG MET SKEEPSVOORRADE ?

## 18-Voudige Vermeerdering Per Skip Sedert Oorlog

**Is Suid-Afrika besig om 'n groot deel van die wêreldskeepvaart van voedselvoorrade te voorsien vir hul reise na ander lande, of word aan skepe deur die Unie op oordadige wyse lewensmiddels verskaf wat later elders in die see gewerp word om plek te maak vir vars voorrade, of vind ons skaars voedselsoorte hul weg na Europese swartmarkte?**

**Hierdie vrae doem o pby vergelyking van die voorrade wat kort voor die oorlog aan skepe in Unie-hawens voorsien is met dié wat nou aan 'n kleiner aantal vaartuie verskaf word. Die syfers is ongelooflik, en toon dat daar tans ruim ses maal soveel aan voorrade gelewer word as in 1938, terwyl die aantal skepe met meer as die helfte verminder het**

**Met ander woorde, die Unieregering lewer tans meer as 12 maal soveel voedsel gemiddeld aan elke skip as voor die oorlog.** Aangesien die voedselverbruik tog immers konstant moes gebly het, beteken dit dat elke skip ongeveer 92 persent van sy voorrade vir ander doeleindes moet gebruik, of dit ná afhandeling van sy reis in die see vir die visse werp. **Die oorgrote meerderheid van hierdie voorrade bestaan uit lewensmiddele wat in die Unie geweldig skaars is, en soms vir binnelandse verbruikers glad nie verkrygbaar is nie.**

Volgens syfers deur die Minister van Ekonomiese ontwikkeling verstrek, is in die jaar 1946 altesame ongeveer 4,893,000 pond Suid-Afrikaanse produkte en 2,660,000 ingevoerde produkte aan besoekende skepe in Unie-hawens gelewer — 'n gesamentlike hoeveelheid van nagenoeg 7,553,000 pond.

**Hierteenoor is in 1938 slegs nagenoeg 890,000 pond Suid-Afrikaanse en 432,000 ingevoerde produkte gelewer, wat 'n totaal gee van nagenoeg 1,322,000 pond.**

### MINDER SKEPE

Maar die aantal skepe wat die Uniehawens tans besoek is omtrent tweemaal minder as in 1938 — dit kan afgelei word van die syfers vir 1945—'46. **In hierdie jaar, eindigende 31 Maart, het 4,857 skepe met 'n totale tonnemaat van 14,696,000 die Unie besoek, terwyl die syfers vir 1938 11,020 skepe met 'n tonnemaat van 44,117,000 is.**

Dus het in 1938 nie net meer skepe die hawens aangedoen nie, maar ook groter skepe, sodat as na die grootte van die skepe (in tonnemaat) gekyk word, die vergelyking tussen besoekende skepe vir die jare 1946 en 1938 'n verhouding van 3 tot 1 gee. **Nogtans toon die voorrade vir dieselfde jare 'n verhouding van 6 tot 1.**

### 18 MAAL MEER

**In werklikheid dus ontvang elke skip vandag—indien ons 1946 as maatstaf neem — gemiddeld 18 maal meer voorrade vir gebruik op see as wat hy in 1938 geneem het!**

**Wat maak hy met die orige 94.5 persent van sy voorrade? Word dit aan ander skepe gegee wat elders heen reis of word dit in die see gegooi? Of vind hierdie oortollige voorrade hul pad na die swartmarkte van Europa? Of is dit 'n soort ongenoemde uitvoer na Brittanje?**

Dit is alles vrae wat opkom en waarop die regering 'n antwoord aan die volk verskuldig is. Want die oorgrote meerderheid van hierdie voorrade bestaan uit lewensmiddele waaraan groot tekorte in die Unie bestaan of in 1946 altans bestaan het.

### VLEIS EN SEEP

**So by voorbeeld is in 1946 — 'n jaar van groot vleisskaarste — 5,406,119 pond vleis aan skepe gelewer in vergelyking met slegs 805,255 pond in 1938 toe die skepe wat omvang betref, inderdaad maar een-derde was van dié wat in 1946 die Unie besoek het. Aan seep — wat bykans onbekombaar was in daardie jaar — is in 1946 253,614 pond gelewer teenoor slegs 24,-566 pond in 1938, terwyl die syfers vir botter 165,115 pond teenoor slegs 19,698 pond, en vir suiker onderskeidelik 653,198 pond en 120,081 pond was.**

**Met ander woorde, toe die Suid-Afrikaanse huisvrou se bottervoorraad met 75 persent verminder is, het die regering vreemde skepe se toeseggings aan botter met 94 persent bo hul behoefte verhoog.**

Kan die regering aan die volk 'n verklaring gee van hierdie eienaardige toestand? Of moet die volk sy eie gevolgtrekkinge maak?

# V.S.A. SAL HELP TEEN ROOIES IN GRIEKELAND

**Amerika sal in die toekoms meer regstreekse hulp aan Griekeland verleen om die aantog van die Kommunistiese guerilla-magte in Griekeland die hoof te bied, volgens 'n gesaghebbende Amerikaanse verklaring.**

Die Griekse Guerilla-leier, genl. Markos, het onlangs in 'n persgesprek verklaar dat die Kommuniste reeds sewe-tiendes van Griekeland „bevry" het en dat die Griekse „fasciste" (d.w.s. die anti-Kommuniste) nog net in besit is van die stede en die omliggende gebiede.

**'n Afdelingshoof van die Amerikaanse departement van buitelandse sake, Loy Henderson, het verklaar dat Amerika nie afsydig sal staan as vreemde agressors Griekeland van sy vryheid beroof nie.**

Amerikaanse 'oorlogskepe beweeg intussen in die Griekse waters.

# REBELLE VORDER



**Vordering deur die Griekse kommunistiese rebelle word geleidelik gemaak, en na mate hulle vorder word die gevaar groter dat Amerika sal moet ingryp om Russiese uitbreiding na die Middellandse See te verhoed. Die gevaar bestaan dat Griekeland 'n tweede Spanje kan wees waar 'n burgeroorlog kan omsit tot 'n kragmeting tussen buitelandse moondhede.**

Ons foto toon gewonde Griekse offisiere en soldate wat wag op vervoer nadat die rebelle twaalf brûe agter hul rug vernietig het.

# Unie Het Nie Genoeg Water: Staatsbeheer Bepleit

**Ten einde die nywerheidsontwikkeling van die land te verseker en te verhoed dat ons beperkte watervoorrade verkwis word, stel die Direkteur van Besproeiing, mnr. L. Mackenzie, voor dat die water in al die riviere van die Unie staatsbesit word sodat die gebruik daarvan van owerheidsweë beheer word. So 'n stelsel sal ook die alleenreg wat die oewereienaars op die water in die rivier het, vervang.**

In sy verslag verklaar die direkteur dat daar 'n neiging was om alle fabrieke langs die Vaalrivier saam te trek sodat dit nie meer lank sal duur voordat die waterverbruikgrens bereik is nie. Dit is nodig dat 'n beter en spaarsamer beheer oor ons water toegepas word aangesien baie van ons besproeiingsmetodes verkwistend en primitief is. „Dit is duidelik dat die tyd nie meer ver is wanneer ons beperkte watervoorrade genasionaliseer en onder staatsbeheer geplaas sal moet word nie", lui die verslag.

**„Hoe eerder dit besef word hoe beter, want ons ontwikkeling en uitbreiding as volk is in hoë mate afhanklik van die manier waarop ons karige waterbronne beskerm en ten beste benut word." 'n Metode waarvolgens elke besproeier belasting sal betaal vir die hoeveelheid wat hy uit die riviere gebruik, word ook aanbeveel.**

### IN BANDE

Ander deskundiges wat hulle mening oor die watervoorraad van die Unie uitgespreek het, meen dat die Unie se uitbreiding binne die eerste 25 jaar aan bande gelê sal word as gevolg van 'n watertekort.

**Staatsdeskundiges bereken dat indien ons watervoorraad ten volle benut word en daar 'n gebalanseerde uitbreiding van landbou en nywerhede in Suid-Afrika is, die Suid-Afrikaanse bevolking tot 8 miljoen blankes en 32 miljoen nie-blankes beperk is.**

**Al die Suid-Transvaalse nywerhede (en dit is die gebied waar die meeste nywerhede saamgetrek is) is afhanklik van hulle water uit die Vaalrivier. Tans voorsien die Waterraad 65,000,000 miljoen gelling per dag aan nywerhede. Die maksimum wat die raad kan voorsien is 200,000,000. Hierdie perk sal binne 25 jaar bereik word, aldus deskundiges.**

# As Intekenare Adresse Verander

**Persone wat adresveranderings in verband met die versending van die blad aan die administrasie van Voorslag stuur, word versoek om asseblief hul ou adres ook te noem en veral daarop te let om dieselfde voorletters op te gee as dié wat op die ou adres verskyn. Omdat daar ander mense soms met dieselfde of byna dieselfde voorletters en van op die blad inteken, moet hierin groot noukeurigheid aan die dag gelê word.**

# MIDDEL TEEN SEKERE SOORT HARTKWAAL

'n Nuwe geneesmiddel, wat van soet klawer vervaardig word, mag miskien verligting bring aan baie persone wat aan kroonhartslagtrombose ly, het dr. Karl Paul Link, professor in Biochemie aan die Universiteit van Wisconsin, verklaar in 'n toespraak voor die Noordoostelike afdeling van die Amerikaanse Skeikundige Vereniging.

Dr. Link het daaraan toegevoeg dat gereelde dosisse van die middel die lewens van die persone wat aan die betrokke hartkwaal ly, mag verleng. In die verlede het pasiënte wat die eerste aanval van kroonhartslagtrombose oorleef het, nie juis veel hoop gehad om 'n verdere twee jaar lank te leef nie. Die siekte bestaan naamlik daarin dat klonte in die bloedsomloopstelsel gevorm word met die gevolg dat die hart se eie bloedvoorraad versper word.

Dr. Link beweer dat hierdie nuwe middel wat toegedien word, die moontlikheid dat die bloed kan stol verminder en ook die gevaar vir 'n tweede dodelike aanval verminder.

Die middel los egter nie die klonte wat reeds bestaan op nie, maar verhoed die vorming van verdere klonte.

Die moontlikhede van die middel is reeds in 1939 ontdek nadat sekere mediese navorsers opgemerk het dat beeste dikwels gevrek het as gevolg van inwendige of uitwendige bloeding, nadat hulle byvoorbeeld ligte beserings opgedoen het. By nadere ondersoek het dit geblyk dat die grootskaalse bloeding die gevolg is van slegte soet klawer wat die diere geëet het.

# VERBASENDE HERLEWING VAN O.B. IN TRANSVAAL

**„Gebied E (Wes- en Suid-Transvaal) het sy krisisjaar agter die rug en is besig om weer te beweeg. Daardeur is getoon dat die Ossewabrandwag wel deeglik in staat is om teenslae te oorlewe," het hoofwaggenl. Hein Richter in 'n onderhoud aan Die O.B. verlede week gesê.**

Genl. Richter is genader na aanleiding van berigte dat Gebied E, met hoofkwartier in Johannesburg, groot resultate bereik deur te reorganiseer op 'n nuwe grondslag waarvolgens kleiner eenhede gestig word in dele waar die Ossewabrandwag organisatories verdwyn het of aan die kwyn is. Behalwe die kommando-leiers skakel ook die individuele lede regstreeks met die hoofkwartier, volgens hierdie stelsel, sodat die voeling tussen die gewone brandwag en die O.B.-leiding voortdurend gehandhaaf kan word. Periodiek word dan ook omsendbriewe aan alle lede uitgestuur. Tydens die oorlog het die groot getalle O.B.-lede en O.B.-gesinde persone uit voeling geraak met die organisasie weens die vervoervraagstuk en ander moeilikhede wat die oorlog meegebring het. Een van die gebiede wat die swaarste hierdeur getref was, is Gebied E met sy groot stedelike afdelings.

### PROEFNEMING

Uit ondersoek het geblyk dat daar op sommige plekke vandag meer O.B.-gesinde persone buite die organisasie staan as wat daar ingeskrywe lede in dieselfde omgewing is. Genl. Richter en genl. Barry Grobler, staf hoof van Gebied E, het toe op die idee gekom om hierdie kragte weer in te skakel en wel in kleiner eenhede wat meer regstreeks bearbei kan word. Die stelsel is by wyse van proefneming in Oktober verlede jaar ingevoer, en die uitslag was 'n verrassende sukses. Binne die



Genl. Barry Grobler

eerste weke van intensiewe organisasie is reeds honderde nuwe lede ingeskryf, en sedertdien word daar maandeliks tientalle nuwe eenhede op die been gebring. 'n Eenheid bestaan uit minstens elf persone. Daar is bevind dat behalwe ou lede wat afgedwaal het oral talle mense is wat in die O.B. begin belang stel en nou bereid is om lid te word.

### BAIE BESOEKE

Waar die belangstelling in die O.B. die laaste jaar of wat heeltemal aan die taan was, soos blyk uit die min besoeke wat die hoofkwartier van buite gehad het, is die toeloop hierdie jaar so groot dat daar omtrent nie 'n dag omgaan dat daar nie tussen twintig en dertig besoekers opdaag nie.

**Hierdie besoeke is een van die beste maatstawwe vir geesdrif in 'n organisasie, het genl. Richter gesê, en dit bewys dat Gebied E sy krisisjaar oorlewe het en nou weer aan beweeg raak.**

### PRESTASIE

Tot watter mate daar 'n herlewing gekom het blyk uit die blote feit dat hierdie gebied vir die afgelope paar jaar nooit sy geldelike verpligtings teenoor die sentrale kas kon nakom nie, maar vanjaar is die verpligtinge aan die begin van verlede maand reeds ten volle nagekom en die nuwe eenhede is nog steeds besig om fondse in te stuur waardeur die organisasie verder in die haak gebring kan word.

Genl. Richter het verklaar dat hy kort gelede in die Vrystaat was waar dieselfde stelsel nou toegepas word. Die offisiere daar is oor die algemeen baie geesdriftig en groot resultate word verwag van die organisasietoer van hoofkomdt. Vale Ferreira.

„Dit is nie valse optimisme nie, ons het reeds die bewyse", het genl. Richter gesê.

# Voer In i.p.v. Eie Op Te Lei

Die Minister van Gesondheid is van voorneme om in hierdie jaar 'n stuk of sestig verpleegsters uit Brittanje in te voer. Verpleegsters sal nie uit ander lande ingevoer word nie, het hy gesê. Verlede jaar het die regering reeds 163 Britse verpleegsters ingevoer.

(Vervolg van bladsy 3, kolom 3)

### OPPERSTERAAD OORBODIG

sjinerie van burggraaf Bruce sal net misverstand veroorsaak.

Dit is merkwaardig dat sowel veldm. Smuts as die Cape Times vurig verklaar dat so 'n raad nie nodig is nie omdat „die bestaande masjinerie voldoende is."

**Feit is natuurlik dat sover dit Suid-Afrika betref, daar geen behoefte vir so 'n raad bestaan nie, aangesien die Unieregering tot die uiterste van sy vermoë die ekonomiese en kapitaalbronne van die land inspan en uitbuit om Brittanje te hulp te snel en gedurig in voeling verkeer met Downingstraat. Dis die sterkste band tussen die Unie en Brittanje omdat dit onsigbaar is vir die oog van die volk.**

Enige super-raad vir die Ryk sou net 'n skyf vir republikeinse agitasie wees, en daarom nadelig vir die Rykseenheid. Waarom sou slapende honde wakker gemaak word as dieselfde resultate tog langs onsigbare weg bereik kan word?

Dit min of meer is genl. Smuts en die Cape Times se argument.

# Geneeshere Wil Nie Kop Gee

Byna negentig persent van die Britse geneeshere weier om saam met die regering se gesondheidsplan te werk wat teen Julie onder die nasionale gesondheidswet van krag word.

Uit 'n opname blyk dit dat uit die 58,000 geneeshere wat hulle vraelyste terug gestuur het, daar 40,084 is wat niks daarvan wil hoor en hul steun nie aan die plan sal toesê nie.

Die Britse minister van gesondheid het egter verklaar dat dit hom nie sal afskrik nie en dat hy sy planne sal deurvoer. Dit is deel van die bestaansbeveiligingsplan van lord Beveridge.

# Lewenskoste Styg

Die lewenskoste het die afgelope maand weer gestyg in vergelyking met Desember. Volgens die amptelike syfers het dit met .4 persent toegeneem sodat die lewenskoste volgens regeringsberekening nou 41.8 persent hoër is as voor die oorlog.

Engelse koerante het onlangs bereken dat dit reeds 69 persent hoër is as voor die oorlog. Daar word beweer dat die regering se syfers nie rekening hou met die werklikheid nie.

# Russiese Plan Neem Vorm Aan

**Die kommunistiese oes het blykbaar ryp geword in Tsjeggo-Slowakye waar ministers van drie regse partye in die regerings-koalisie verlede week almal bedank het. Die president, dr. Benesj, het geweier om hul bedankings aan te neem, maar verwag word dat die kommuniste, wat die sterkste enkele party in die land is, hom sal dwing om 'n suiwer kommunistiese regering te laat saamstel.**

**Die oorsaak van die bedankings is 'n dreigement van die kommuniste dat hulle sekere leiers van die regse partye gaan vervolg op grond van 'n ontdekte „sameswering".**

**'n Plan van Russiese agressie is onlangs openbaar gemaak deur 'n geheime inligtingsdiens. Daarvolgens sou Tsjeggo-Slowakye die wapenskuur word van die Russiese Balkan-empire.**

# REISPROGRAM GEBIED „A" Wes-Kaapland

**Die Kommandant-Generaal,**
**DR. J. F. J. VAN RENSBURG**
**spreek vergaderings toe op die volgende datums:**

**PETRUSVILLE, 8 Maart, van Vuurensaal, 2.30 n.m.**
**DE AAR, 8 Maart, Stadsaal, 8 n.m.**
**RICHMOND, 10 Maart, Stadsaal, 8 n.m.**
**LOXTON, 11 Maart, Kerksaal, 8 n.m.**
**CARNARVON, 12 Maart, Afr. Gedenksaal, 8 n.m.**
**FRASERBURG, 13 Maart, Stadsaal, 4 n.m.**
**SUTHERLAND, 15 Maart, Kerksaal, 8 n.m.**
**CALVINIA, 16 Maart, Ou Kerksaal, 8 n.m.**
**CLANWILLIAM, 17 Maart, Stadsaal, 8 n.m.**
**STELLENBOSCH, 18 Maart, Stadsaal, 8 n.m.**

**Alle vriende en belangstellendes word vriendelik uitgenooi.**

# OPPERSTE RAAD VIR RYK TOTAAL OORBODIG MEEN EMPIRE-GESINDES

**Met die doel om die ryksbande onderling nog stewiger te knoop sodat verhoed kan word dat die lede van die Britse Statebond uitmekaar val, het die Britse hoërhuis eenparig 'n formele mosie aangeneem dat 'n opperste „Raad van Britse Volke" in die lewe geroep moet word waardeur die lede gedurig onderling kan beraadslaag.**

Die voorstel is gedoen deur burggraaf Bruce wat verklaar het dat die eerste ministers van die selfregerende Britse volke hierdie onderlinge raadplegende liggaam moet uitmaak. **Brittanje is 'n dwergie langs die ander groot volke, het hy verklaar,**



Veldm. J. C. Smuts

**maar in medewerking met die dominiums is hy hul gelyke. Hy vrees dat daar nie genoegsame masjinerie geskep word waardeur onderlinge raadpleging kan geskied nie en dat die eenheid van die Statebond verlore sal gaan.**

Op aandrang van die leier van die Opposisie het die Eerste Minister, veldm. J. C. Smuts, hom oor hierdie besluit van die Britse hoërhuis uitgespreek. Veldm. Smuts het verklaar dat die besluit nie ernstig opgevat moet word nie omdat dit bloot 'n privaat mening van burggraaf Bruce is, en wat die Britse hoërhuis betref, is dit 'n hoërangse debatsvereniging wat geen gesaghebbende liggaam is nie. Die beslissing oor beleidskwessies berus by die Britse regering en by die laerhuis.

## DUBBELE BURGERSKAP

Die regering is nie van plan om die wetsontwerp vir eenvormige ryksburgerskap vanjaar te laat aanneem nie. Hierdie wetsontwerp het ten doel om groter eenvormigheid te skep in die wetgewing van die Vrygewestes ten opsigte van burgerskap.

Die wetsontwerp is die vrug van 'n rykskonferensie. Suid-Afrika het reeds 20 jaar gelede dubbele burgerskap ingevoer Hiervolgens is Suid-Afrikaners Britse onderdane soos ander lede van die Britse Ryk, maar is ook onderdane van die Unie van Suid-Afrika.

Kanada het ook soortgelyke burgerskap ingevoer. Die Britse regering het besluit om die voorbeeld van die Unie en Kanada te volg. So 'n wetsontwerp dien nou in die Britse parlement.

## Onsigbare Band Werk Beter

### SKADELIK VIR RYK

Die besluit van die hoërhuis is van akademiese aard en die gemenebes sal negatief teenoor so'n raad staan. Suid-Afrika is heeltemal daarteen gekant, het die Eerste Minster verklaar. „Dit sou 'n stap agteruit wees". Ons posisie is vasgelê in die statuut van Westminster. So 'n voorstel is nie vooruitgang nie. **Hoe nader die lande van die gemenebes aan mekaar gebring word, hoe meer wrywing sal daar wees en hoe groter neiging tot algehele afskeiding.**

Indien die Unie-Senaat so 'n voorstel sou doen en aan neem, sal dit nog nie die regering en die parlement bind nie. In die Britse hoërhuis het die regering nie eers 'n meerderheid nie en die besluit bind nie die regering nie.

### ONNODIG

**Wat ons betref kan ons maar voortgaan op die pad waarop ons is. Ons manier van raadpleging in die gemenebes werk goed. Dit is nie nodig om 'n adviserende raad in te stel nie. Hoe meer masjinerie daar is, hoe meer wrywing sal daar kom, het genl. Smuts gesê.** Die ma-

(Vervolg op bl. 2)

# Invoer Vanuit V.S.A. Kan Nie Beperk Word Deur Staat

**Op die oomblik bestaan daar geen grond waarop die regering kan bepaal dat Suid-Afrika sekere van sy aankope in Amerika moet snoei met die oog op dollarbesparing nie. Indien hy dit doen sou dit in botsing wees met die Geneefse Handelsooreenkoms en die Internasionale Monitêre Fonds, aangesien ons geen moeilikheid met betaalmiddele het nie en geen bestaande binnelandse nywerheid deur invoer bedreig word nie, na Die O.B. op die beste gesag verneem.**

Die vrees van baie invoerders wat van mening is dat hulle invoer van kapitaalgoedere soos sekere soorte masjinerie en plaasgereedskap van Amerika deur die staat beperk kon word, word hiermee besweer. Die Internasionale Monitêre Fonds en die Geneefse Handelsooreenkoms lê neer dat geen lid teen die produkte van 'n ander land mag diskrimineer as sy ekonomiese posisie dit nie vereis nie. Ekonome kan op die oomblik geen grond vir sodanige optrede in die Unie vind nie. Suid-Afrika het wel 'n nadelige betalingsbalans met Amerika ten bedrae van £65 miljoen, maar ons ondervind geen moeilikheid met betalingsmiddele nie soos dit die geval met Engeland is nie.

**Soos ons betalingsposisie tans met Amerika staan, kan inkorting van aankope aldaar slegs met vrywillige medewerking van invoerders verkry word, maar nie van ampsweë nie, na Die O.B. meegedeel is.** Berigte wat telkens versprei word dat Suid-Afrika se invoer uit V.S.A. drasties ingekort sal moet word, word beskryf as „wolhaarstories" om die publiek bang te maak.

### ENGELAND VRYGESTEL

Die feit dat Brittanje tans toegelaat word om teen sekere Suid-Afrikaanse produkte te diskrimineer deur die invoer daarvan te belet, word gerym met die bepalings van die bestaande ooreenkomste op grond van die feit dat Engeland gebind is deur die Anglo-Amerikaanse leningsooreenkoms.

Dit is wel 'n feit dat Suid-Afrika 'n nadelige betalingsbalans in Amerika het, maar dit beteken glad nie dat hy nie in staat is om met sy goud daarvoor te vergoed nie. Deskundiges spreek die mening uit dat die toestand in die toekoms mag wissel, maar is optimisties oor die teenswoordige posisie.

### VERKWISTING

Die bepalings van die Internasionale Monitêre Fonds bring mee dat Suid-Afrika vandag feitlik verplig word om goedere in te voer waarmee hy net dollar verkwis. Voorbeeld hiervan is die duur ingemaakte Amerikaanse vrugte wat vir 100 persent duurder as ons eie produkte verkoop word—wat weer goedkoop na Engeland uitgevoer word. Die regering het nie die reg om die invoer daarvan te verbied nie. Handelaars kan alleen aangemoedig word om dit nie in te voer nie, word verklaar.

Tot twee weke gelede het Suid-Afrika se betalings aan Amerika deur middel van Londen geskied kragtens die goudooreenkoms wat verlede jaar aangegaan is. Hiervolgens het Suid-Afrika £80,000,000 goud jaarliks na Brittanje uitgevoer op voorwaarde dat hy die vreemde betaalmiddel wat die Unie nodig het, moet vind. Dit is gedoen om Brittanje te help, maar later is bevind dat Brittanje nadelig hierdeur getref word, en is die reëling afgeskaf.

## Britse Boikot Uit Vrye Wil

**Opskudding is hierdie week in die Unie verwek toe uit Londen berig is dat die Britse Minister van Finansies, sir Stafford Cripps, in die Laerhuis ontken het dat die Britse boikot van Suid-Afrikaanse goedere enigiets met die Amerikaanse lening te doen het. Brittanje doen dit uit vrye wil, is verklaar.**

**Genl. Smuts het die verklaring beskryf as „'n ernstige saak". Dit volg nou nadat die parlement klaar die hulplening aan Brittanje bekragtig het.**





EXCELSIOR Meubels BPK.


*Bied u u Huishoudelike Benodigdhede teen die Laagste Pryse aan.*

MAKLIKE VOORWAARDES WORD GEREËL

Besoek ons te:

JOHANNESBURG - - - - Pleinstraat 40
PRETORIA - H/v Andries- en Pretoriusstrate
KAAPSTAD - - - - - - Pleinstraat 47/49
BLOEMFONTEIN - - St. Andrewstraat 123
KROONSTAD - - - - - - Cross-straat 42
VEREENIGING - - - - - Marklaan 17C
POTCHEFSTROOM - - - - Kerkstraat 108
FICKSBURG - - - - - - - - Markplein

In u eie keuse van materiaal teen slegs 15/- per week.



Excelsior Meubels Beperk,
Posbus 6670, Johannesburg
Stuur Gratis Katalogus
Naam ..............................
Adres ..............................
..............................
..............................
OB

G. A. FICHARDT, Bpk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut
MASJINERIE, YSTERWARE
PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7188) Newton

„DIE O.B.", WOENSDAG, 25 FEBRUARIE 1948

# IS REPUBLIEK NOG NODIG?

Is die Ossewabrandwag dwaas om voort te gaan op die republikeinse pad terwyl buitelandse omstandighede Suid-Afrika dwing om in gelid met Brittanje te marsjeer terwille van die behoud van die Westerse beskawing? Hierdie vraag kom op waar ons hierdie week dwarsdeur die land ons Vryheidsdag vier — 'n dag nie net van herdenking nie, maar bowe-al van toekomsverwagting.

Laat ons kortliks die huidige posisie in oënskou neem. Ons het 'n wêreld wat besig is om in twee te val en Suid-Afrika val uit die aard van die saak aan die kant van die Weste. By twee wêrelde gaan dit nie bly nie; dit gaan uitloop op 'n botsing waarin een van twee sal ondergaan. **Dit spreek dus vanself dat Suid-Afrika terwille van sy eie bestaan daadwerklik sy deel sal moet bydra tot behoud van die Weste waarin sy selfbehoud ook opgesluit lê.** Hieroor kan nouliks verskil van mening bestaan. In die lig hiervan is dit dan ook nodig dat die volke van die Weste hul eie huis so stewig moontlik hou en daarom is dit wel nodig om te voorkom dat 'n afgetakelde land soos Brittanje die prooi van kommunisme word. Maar enige hulpaksie van die kant van Suid-Afrika in dié verband moet geskied op grond van gemeenskaplike belang en nie van onderdanige verpligting nie. Suid-Afrika moet geen groter verpligting as 'n vry land soos Amerika b.v. hê nie. Dit is die groot verskilpunt tussen die republikein en Britse jingo in ons land — 'n verskil wat des te duideliker uitkom as in gedagte gehou word dat laasgenoemde republikanisme tien jaar gelede bestry het op grond van die argument dat „Groot Brittanje" Suid-Afrika moet beskerm, en dit vandag bestry op grond van die beweegrede dat Suid-Afrika arme Engeland moet beskerm.

**NIE MEER GROOT**

Die feit dat Brittanje afgesak het van sy hoë staanplek as „Groot-Brittanje" tot die posisie van armlastige, is van dubbele betekenis vir die republikeinse strewe. In die eerste plaas verskaf dit ons groter selfvertroue in ons stryd: ons weet dat die een groot vyand van Afrikaanse vryheid sy Waterloo ontmoet het. Engeland as sodanig kan nooit weer 'n bedreiging vir Suid-Afrika wees nie. **Maar die bedreiging is dan ook nie meer soseer van buite nie as wel van binne. Dit hang nie meer af wat Brittanje met Suid-Afrika wil doen nie — want hy kan niks doen nie — maar van wat Suid-Afrika met Brittanje wil doen. En die jingo-groep, wat op die oomblik in ons land regeer, is vas van voorneme om Brittanje se grootheid te laat herleef op rekening van Suid-Afrika.** Vir dié doel — en dit is waar die geyaar lê — span hulle gesondverstand in voor hul sentimentele karretjie. Hulle vertel aan die republikein dat Brittanje gered moet word omdat dit in ons eie belang is. **In werklikheid is dit hul bedoeling om Suid-Afrika se opkoms te fnuik terwille van Brittanje se heerskappy. Liefdadigheid aan Brittanje is dus nie net liefdadigheid nie, maar in die eerste plaas kwaadwilligheid teenoor die eie land wie se ekonomiese vooruitgang vertraag moet word. Net so is immigrasie wat voorgehou word as 'n ekonomiese noodsaaklikheid vir die Unie in werklikheid niks anders as 'n belegging van Britse sentiment wat sy diwidend op 'n later tydstip moet lewer in die vorm van 'n lojaalgebonde Suid-Afrika nie.**

**GENESING VAN SIEKTE**

Republikanisme is dus vir ons nie meer 'n strewe teen Brittanje as sodanig nie, want daarin sit geen sin meer nie. **Dit is by uitstek 'n strewe om Suid-Afrika genees te kry van daardie sentimentele asma wat hom van binne wurg. En om dit reg te kry is in die eerste plaas nodig 'n verandering van lug. Suid-Afrika moet uit die dampkring van die Britse gemenebes verplaas word na die republikeinse klimaat waarin sy belange 'n nuwe perspektief kan kry.** In die tweede plaas is dit nodig om ons regeringstelsel te verander sodat die teenstelling van Afrikaans en Brits, wat geslagte lank ons politieke lewe beheers het, en wat Britse sentiment so veilig en suiwer in 'n politieke party bewaar het, vervang kan word deur 'n politiek van gemeenskaplike Suid-Afrikaanse belang. **Daardie stelsel is deels dié van beroepsverteenwoordiging, want wanneer dit kom by ons nering, ons brood, redeneer 'n Afrikaner en Engelsman nie ver uiteen nie — daarvan getuig ons landbou-unies en ons vakbonde.**

Wat die Ossewabrandwag betref, hy is vas van voorneme om daardie atmosfeer wat die enigste voorwaarde is vir 'n gesonde en eensgesinde ontwikkeling van Suid-Afrika, waarby ook die Weste as geheel alleen kan baat, te skep. Daarom bly ons republikeins, hoewel dit vir sommige onbenullig mag lyk. Daarom vier ons weer Vryheidsdag op 27 Februarie, maar ons vier dit ook met die oë gerig op die behoeftes van die tyd en die gevare van buite.

## BOEKOORSIG

# OORLOG WAARIN EEN SAL ONDERGAAN

**The Struggle for the World, deur James Burnham. Uitgewers: Jonathan Cape, Londen.**

In vroeër jare was die belangrikste vraagstuk van die oomblik vir die ou Kaapse burger miskien dié van die al of nie deugdelikheid van die jongste goewerneur.

Deesdae strek die invloede van wêreldomsluitende organisasies tot in elke plaaslike kring. Elke dorpie se sakelewe en kleurling- of naturellebuurte word daagliks deur wêreldgebeure gestuur, hetsy links of regs, hetsy vorentoe of agtertoe. Vandaar dat elke mens teen wil en dank tot 'n sekere mate wêreldburger is en wêreldstrominge wat hom regstreeks raak moet begryp.

**'N GIDS OOR WÊRELD-TOESTANDE**

Om ons daartoe in staat te stel is daar miskien geen ander enkele moderne skrywer wat ons beter as gids kan dien as Burnham nie. In „The Struggle for the World" uitgegee in 1947 neem hy die na-oorlogse posisie in oënskou en kom tot 'n paar **onverbiddelike gevolgtrekkings na aanleiding van die atoombom sê klakkeloos te aanvaar kan Kommunistiese beleid en die noodsaaklikheid van 'n praktiese teenbeleid. Sonder alles wat hy sê plakkeloos te aanvaar kan dit tog nie anders as dat ons die insig en eerlikheid van sy stellings hoog moet skat nie.**

Dis 'n boek wat met meeslepende logika die belangstellende leser se gees van die een stelling tot die volgende voer, sodat die effens swaar onderwerp beslis wel word deur die lewende drama van ons huidige wêreld. Tot op die laaste bladsy is die houvas van die skrywer se sin vir dringende werklikhede so oorheersend op die leser dat dit moeilik val om die draad van sy gedagtes te onderbreek, al is die uur ook laat en die oë vaak.

**WERKLIKHEIDSIN**

Dit sou nie vanpas of moontlik wees om hier 'n omvattende oorsig te gee van die veld wat die boek dek nie. Wie reeds van die skrywer se vorige werk: **The Managerial Revolution** en **The Machiavellians**, gelees het, sou al kennis gemaak het met sy heldere, byna koue ontledingsvermoë en die realisme waarmee hy die politieke werklikheid agter die maskers van slagspreuke en mooipratery opspoor. Hy praat dan ook met kennis. **Na 'n hoër opleiding te Princeton en Balliol College, Oxford, was hy jarelang belydende Kommunis totdat hy in 1940 finaal alle verhoudings daarmee verbreek het. Sedert 1929 is hy aan die Universiteit van New York verbonde.**

**OOR KOMMUNISTIESE TAKTIEK**

**Een van die interessantste dele van sy laaste boek is sy ontleding van Kommunistiese magspolitiek soos dit in verskillende ‚tydperke' van ontplooiing tot hiertoe uitgebou is. Aan die hand van 'n massa gegewens en verwysings na wêreldgebeure toon hy aan hoe uiterlike periodieke wendings van Kommunistiese beleid inderdaad slegs taktiek is met die ortodokse ideaal van 'n wêreldrewolusie steeds voor oë. Hy toon voorts hoe stommelik allerlei welmenende dromers van Wallace tot hoë geestelikes, hulle tot misbruik as werktuie van Stalin geleen het.**

Elke slinkse set van die Kremlin het op die vrugbare aarde van liberale liggelowigheid wortel geskiet, terwyl die Sowjet-Ryk rondom sy sentrale vesting in die hartland van Eurasië sy grense meedoënloos voortskuif en sy magsfere verruim.

**V.S.A. EN DERDE WÊRELD-OORLOG**

Veral stel Burnham aan die kaak die tragiese mistasting van Roosevelt toe hy die wese en strewe van Kommunisme so volkome verkeerd geskat het en die nog-nie-verdwene weifelende beleid van die Verenigde State ingelui het.

Na 'n ontleding van moontlikhede kom ons skrywer tot die slotsom dat die Verenigde State as die magtigste potensiële teenstander van die Kommunistiese wêreldryk-in-wording, die bestaan waarvan nou op die spel kom, 'n deurdagte, doelbewuste anti-kommunistiese wêreld beleid moet volg. Die eerste veldslae van die Derde Wêreldoorlog word reeds bedektelik gelewer; dit mag sê ons skrywer, uiteindelik die ondergang van albei die groot magsgroeperinge beteken, dog dit sal die ondergang van een van die twee beteken.

**SOBERHEID VAN INSIG**

Die soberheid van Burnham se siening, sy beklemtoning van die betreklikheid van alle politieke oplossings waardeur nie 'n droom-ideaal nie, dog die verkieslikste van die praktiese moontlikhede van elke oomblik verwesenlik kan word, is 'n genot om te lees.

Uit sy opsomming van harde werklikhede kom die leser onder die indruk van werklike gevare nie alleen nie, maar ook van **werklike** moontlikhede. Hier is nie die skimme van Utopiese droomverlorenheid, die toorwoorde van politici nie, dog die uitdagende feite van die wêreld soos dit in hierdie beslissende epog is.

Die laaste sin in die boek verdien herhaling:

„As dit nie onredelik is om 'n neerlaag te verwag nie, dan is juis dié feit die maat waarmee die grootsheid van die moontlike oorwinning gemeet moet word."

— J. de V.

## Meer Magte Aan Die Provinsiale Rade

Die magte van provinsiale rade sal in die toekoms uitgebrei word volgens 'n wetsontwerp wat verlede week vir die tweede keer in die volksraad gelees is.

In die wetsontwerp word voorsiening gemaak dat die provinsiale rade dieselfde privileges as die volksraad geniet. Aan hulle sal die mag verleen word om ondersoek in te stel en getuienis af te neem, terwyl vryheid van spraak asook beskerming vir die pers in verband met verslae oor debatte verleen word.

Dit beteken dat daar oor sake wat in die rade geopper word, geen siviele of kriminele gedinge kan voortspruit nie.

## Vrees Openbare Mening

Die Britse minister van finansies het die voorstel dat Brittanje 'n internasionale staatslotery in die lewe roep wat geld vir die Britse huishouding moet verdien, verwerp. Hy het verklaar dat die voordele wat uit hierdie skema sal voortspruit nie sal opweeg teen die openbare mening, veral van die buiteland wat daarteen gekant sal wees nie.

## Spoorweë Se Werk Brei Uit

Die vragtariewe van die Suid-Afrikaanse Spoorweë sal in die toekoms moontlik rekening hou met die feit dat die Unie 'n fabrieksland word, het die nuwe Minister van Spoorweë en Hawens, mnr. S. Waterson, tydens sy begrotingsrede in die Volksraad verklaar. Hy skat dat daar vanjaar 'n tekort van £183,000 in die finansies van die Spoorweë sal wees. Daar sal geen tariefvermeerderings of -verminderings wees nie.

Die koste van die Spoorweë het geweldig toegeneem en daar is meer mense en vrag vervoer as die vorige jaar. Die tekort aan materiaal is nog 'n groot probleem, het hy gesê. Die Spoorweë betaal jaarliks £50,000,000 aan lone uit. Dit is meer as dubbel soveel as sewe jaar gelede. Die personeel het in dié tyd van 50,000 na 181,000 toegeneem.

# S.A. Wol Verlig Duitse Nood

**Die beroep wat D.A.H.A. op die Suid-Afrikaanse boere gedoen het om wol af te staan vir noodleniging in Duitsland, het goeie vrugte afgewerp. Altesaam is reeds 668 bale wol (merino- sowel as karakoelwol) wat deur boere in Suidwes en Kaapland geskenk is, na Duitsland verskeep na aan Die O.B. meegedeel is.**

Behalwe hierdie wol is daar ook nog meer as vyftig bale uit Kaapstad op pad, terwyl 300 bale karakoelwol eersdaags van Walvisbaai versend sal word.

Van die wol wat reeds in Duitsland aangekom het, sal ongeveer 60,000 jaarts wolmateriaal geweef kan word. Dit is genoeg materiaal vir om en by die 20,000 pakke mansklere.

Soos reeds in Die O.B. berig, hanteer makelaars alle wol wat boere afsonder vir die nood in Duitsland, gratis.

# Christelike Broederskap En Rasse-Apartheid

„Elke ketter het sy letter", sê die spreekwoord. Dit blyk asof dit so stadigaan ook waar word van die wyse waarop sommige mense probeer om die rigting van rassegelykstelling van 'n Christelike grondslag te voorsien. Deesdae word in die kraal van die liberaliste, veral onder aanvoering van min. J. H. Hofmeyr, graag van „Christelike voogdyskap" gepraat waarmee dan o.a. bedoel word dat geleidelik aan die ontwikkelde nie-blankes gelykheid met die blankes verleen moet word.

Dit kom meermale voor dat die liberaliste poog om hulle sienswyse Christelik te fundeer deur na die Christelike broederskap te verwys en wel met die bedoeling dat uit hoofde daarvan ander skeidinge uitgewis behoort te word. Nou-die-dag het min. Hofmeyr dit weer hieroor gehad toe hy by geleentheid van die vyftigste verjaardag van die Methodistekerk in Kaapstad as spreker opgetree het. Nadruk is weer daarop gelê dat uit die vaderskap van God die broederskap van alle mense spruit.

## Deur 'n Leser

### GEESTELIKE VERHOUDING

Dit lyk asof ons hier met 'n saak te doen het wat eintlik deur teoloë uitgemaak moet word. Tog lyk dit of die hoofsaak in hierdie verband is dat die Christelike broederskap 'n geestelike verhouding is. Diegene wat in Christus glo, maak die Christelike gemeenskap uit. Alle gelowiges deel in dieselfde geestelike seëninge maar dit beteken geensins dat alledaagse skeidinge en grense wat tussen hulle bestaan, b.v. wat die verskeidenheid van rasse en volke betref, dan uitgewis word nie. In sover min. Hofmeyr meen dat die Christelike broederskap dit wel meebring, het hy blykbaar nie gelyk nie.

Ek wil egter nie probeer om met gesag oor hierdie sy van ons rasseprobleem te skryf nie. Daar laat ek liewers 'n bekende teoloog aan die woord. Tot prof. G. Cronjé se jongste boek **Regverdige Rasse-Apartheid** het prof. E. P. Groenewald 'n hoofstuk oor „Apartheid en Voogdyskap in die Lig van die Heilige Skrif" bygedra. Volgens prof. Groenewald blyk uit die Skrif in hierdie verband „veral een grondwaarheid, nl. dat die beleid van apartheid en voogdyskap, soos deur die Christelike Afrikaner voorgestaan ten opsigte van die nie-blankes, teruggevoer kan word tot die Woord van God."

### NIE STRYDIG

Die Afrikaner het van huis uit alle agting vir Bybelse uitsprake. Ons het egter al so dikwels gevind dat aan daardie uitsprake nie die juiste betekenis geheg word nie, veral deur mense wat nie bevoegd is om die Skrif te verklaar nie.

**Ek wil net konstateer dat dit vir my voorkom of Christelike broederskap en rasse-apartheid geensins strydig met mekaar is nie.** En ek wil die hoop uitspreek dat ons lesers self ook die saak sal ondersoek. Laat ons op ons hoede wees.


**Verseker u Toekoms**
**deur die Eienaar te word van**
**VASTE EIENDOM**
- ★ BOUPERSELE
- ★ WOONHUISE
- ★ PLASE
- ★ BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON

**Raadpleeg —**
**J. (Kotie) THERON**
**Posbus 78 Foon 0028**
**CROXLEY-GEBOU, KUSWEG, STRAND**


## Geselsie Om Lewenskoste Te Bestry

Ten einde die stygende lewenskoste te bestry, het die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, mnr. J. W. Mushet, aangekondig dat hy 'n nasionale konferensie van sakemanne en nyweraars sal belê om hom by te staan in sy poging om die lewenskoste omlaag te dwing en om planne in hierdie verband te bespreek. By 'n vorige geleentheid het die minister gesê dat hy geen dwang sal gebruik nie, daar die regering nie 'n diktatuur is nie.

# DE VALERA WORD ONTTROON DEUR SES PARTYE

**Die Ierse politieke lewe het 'n nuwe hoofstuk begin. Eamon de Valera wat sestien jaar lank eerste minister van Ierland was, is deur die samewerking van ses kleiner opposisie-partye van sy troon gestoot en hy moes plek maak vir die nuwe koalisie-premier, John Costello.**

Hoewel De Valera se Groep, die Fianna Fail, die grootste groep in die parlement is, kon hy nie daarin slaag om 'n volslae meerderheid te verkry nie. In die jongste verkiesing het hy 68 setels verower teen die gesamentlike 79 van sy verskillende opponente. Die samewerking van die grotere opposisiegroepe, t.w. die Arbeiders, Fine Gael, Nuwe Republikeine onder McBride, en die onafhanklikes, het De Valera se ondergang meegebring.

Die nuwe regering onder Costello staan die vereniging van die hele Ierland voor en hoewel De Valera ook soortgelyke beleid voorstaan, word hy daarvan beskuldig dat hy in die 16 jaar niks uitgerig het om Noord-Ierland (wat deel is van Brittanje) in te lyf by Ierland nie. Hoe standvastig die huidige regering sal wees en hoelank die verskillende groepe bymekaar sal hou voordat hulle uiteenbreek, is ongetwyfeld die vraag wat elke Ier hom afvra.

### ONBEKEND

Costello is 'n onbekende figuur. Al wat van hom bekend is is dat hy 'n advokaat en 'n geharde Ierse nasionalis is. Hoewel hy volgens sy eie woorde „nog nooit die wapen opgeneem het vir die Ierse onafhanklikheid nie", het hy sy oorwinning daaraan te danke dat hy vir die eenheid en onafhanklikheid van Ierland staan.

(De Valera was as gevolg van sy pogings om Ierland los te wikkel van die Britse juk, reeds tot die dood veroordeel, 'n vonnis wat later versag is tot lewenslange straf. Hy is later vrygelaat.)

Sean McBride, die leier van die Nuwe Republikeine, wat volgens buitelandse waarnemers die beste kanse gehad het om De Valera van sy pos te beroof, is tans minister van buitelandse sake.

## Goud In Amerika

Die goudvoorraad van die V.S.A. verteenwoordig tans meer as drie-vyfdes van die wêreld se geldelike goud, en vermeerder met ongeveer £50,000,000 per maand. Die huidige totaal, wat 'n rekord is, bedra £5,707,336,533.

# Geen Oorweging Vir Oudstryders — Net Vir Immigrante

Mnr. J. J. Willemse, dist. Heidelberg Tvl. skryf:

Ek sien in Die O.B. van 28 Januarie dat werkers geprotesteer het teen die invoer van immigrante omdat dit nadelig sal wees vir die land se werksmense.

Dit kos die regering 'n groot som geld om die immigrasiebeamptes aan te hou om mense oorsee te werf. Hy gee nie om hoeveel geld hy aan immigrante bestee nie en hy vergeet dat daar honderde van sy eie mense is wat hulp broodnodig het. Maar as hulle hulp vra, dan word geantwoord dat die Departement nie geld het om hulp te verleen nie.

Die regering beskik egter oor genoeg geld om immigrante aan te ry en om selfs £80 miljoen uit te leen. Ek beskou dit 'n skande om jou eie mense in armoede te laat lewe en die belasting wat hy van ryk en arm insamel, aan immigrante te spandeer.

Ek wil net aan u sê dat ek 'n oud-stryder is en vader van tien seuns en een dogter wat nog lewe. Verstaan u, tien Afrikanerseuns. Wat is hulle nie werd vir ons vaderland nie! Nou is ek 'n ou man. Ek het 'n vrou en vier minderjarige kinders vir wie ek moet sorg. Ek moet myself help met 'n klein pensioentjie waarmee ek nie kan uitkom nie.

As gevolg van die nood het ek uit die dorp gevlug en 'n huis op 'n plaas gehuur teen £3 15s. per maand. Daar is ook 'n stukkie grond by. Ek het egter geen trekdiere om mee te werk sodat ek my eie posisie kan verbeter nie. Ek het toe aansoek gedoen by die Minister van Lande om my te help met 'n paar trekdiere. Maar die antwoord was dat die Departement nie oor geld beskik om my te help nie. Ek het toe weer geskrywe aan Sy Hoogedele, die Eerste Minister. Die antwoord wat ek gekry het was dat daar nie so 'n skema bestaan waaronder ek gehelp kan word nie.

Hoe moet ek dit verstaan. Ek as ou burger van die Suid-Afrikaanse Republiek wat al die bitter van die oorlog deurgestaan het, kan nie gehelp word aan 'n paar trekdiere sodat ek 'n behoorlike bestaan kan maak nie. Maar aan immigrasie van Britte word duisende ponde spandeer en geld word uitgeleen.

Die Oud-stryders is besig om te verdwyn en die meeste van hulle lewe in armoede en ellende. Ek dink terug aan die dae toe ons so te sê nakend moes loop en van velle klere moes maak. Meer as een dag het ons sonder kos gebly.

Die pensioentjie wat ons vandag kry nadat ons gesondheid geknak is, is 'n skande. Niks word in aanmerking geneem nie, selfs nie of jy afgeleef is en 'n gesin moet onderhou nie. Ek hoop die regering sal hieraan dink.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## Kleurvraagstuk En Demokrasie

Mnr. A. N. van Dyk, Napier, skryf:

In die rubriek van ons lesers verskyn 'n brief van mnr. J. A. Landman oor naturellevraagstukke („kafferpolitiek"). Dankie, mnr. Landman, vir u verduideliking en skoonhou van ons blad. Ons teken in op Die O.B. omdat dit nog die enigste Suid-Afrikaanse blad is wat skoon is van afgryslike moorde en misdade en langdradige kleur- en naturellevraagstukke wat onder die demokrasie nie opgelos kan word nie. Die hooggeleerde mense verspul hul tyd en gedagtes om te dink uit hulle brein moet die oplossing van daardie vraagstukke vloei. Solank die demokrasie regeer, is dit nutteloos. Neem die demokrasie weg en die oplossing sal gevind word in wyle pres. Kruger se beleid. Neem weg uit ons land met huid en haar die kommunis, opmaker en Jood, en daardie vraagstukke sal verdwyn, want hulle is die hoofde daarvan.

Wanneer ons gesagstaat in werking tree, is daar net een alternatief — dissipline, en die wat nie daaronder wil buig nie, moet weg. Die kommunis, hooggeleerde kaffer en Jood sal nooit buig nie, dus neem hulle weg en sulke vraagstukke word self by die dag kleiner.


**NOODHULP VIR DUITSLAND**
**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**
**Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.**

**ONS BENODIG DRINGEND:**
- **Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.**
- **Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.**
- **VET.**
- **Biltong of ander onbederfbare eetware.**

STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND of regstreeks aan die

**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**
**Bloedstraat 164, PRETORIA.** **Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.**
● VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA. ●




**Maak u eie STENE met die**

**KLEINE WONDER**

**SEMENT-STEENMAAKMASJIEN**

Die „KLEINE WONDER" stel u instaat om sementstene te maak op die plek—soveel as wat nodig is, waar en wanneer hul nodig is. Daarbenewens stel die welgevormde, volkome reghoekige standaardgrootte „Kleine Wonder"-stene die messelaar in staat om baie meer stene per dag te lê en minder pleister (messelkalk) te gebruik. Die pleisterer spaar ook tyd en pleisterkalk omdat daar nie ongelyke dele is om op te vul nie. Die „KLEINE WONDER" sonder onderdeel kos slegs



£20 v.o.s. Hopefield. Onderdeel £10 ekstra maar enige stewige stellasie kan vir hierdie doel gebruik word.

**Handelsnavrae word verwelkom**
**Voortrekkerstraat, Hopefield.**
**Posbus 18. Telegramme „BUHR"**

**J. H. BUHR**

(3)

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.**

## DANKBETUIGING

PIENAAR. — Namens die Pienaar-familie, ons hartlike dank aan die Noodhulp, O.B.-vroue en alle vriende vir alle hulp en steun aan ons broer en seun verleen. 25/2/1B

## VERLOWING

HICKMAN—RAATS.— Die verlowing word bekend gemaak van veldkornette A. C. Raats, A1a6, jongste dogter van mnr. en mev. F. J. Raats, van Franschhoek, met waghoofkomdt. H. T. Hickman, generaalskap A1, seun van mnr. en mev. E. H. Hickman, Kaapstad. 25/2/1B

## BOME, PLANTE EN SAAD

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.—**Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

**ROOSBOOMPIES, WINGERDSTOKKIES,** Ens. vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslys aan LA MOTTE-KWEKERY, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

**UISAAD. — Vars en Goewermentsgesertifiseerd.** Australiese Bruin 6/- per lb. Vroeë Kaapse Plat 7/6 per lb., Silver King 8/- per lb. — KARROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 18/2/7

## GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Carlstraat 574, Pretoria. 3/12/TK.

## HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering.** — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

**MEUBELS.** — Bespaar honderde ponde deur u meubels direk van die fabriek, k.m.b., te koop.
**Raadpleeg:** NIEK NEETHLING, Hoofstraat 347, Foon 1253, Paarl. 19/11/TK.

## PENMAATS

**DUISENDE** meisies en kêrels wil graag korrespondente hê. Streng vertroulik. Stuur gefrankeerde koevert om gratis besonderhede aan:—**DIE POSDUIF - KORRESPONDENSIEKLUB,** Posbus 5, Lothair. 10/12/4B.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.** 21/5/TK

**VRIENDE** ek vra u ondersteuning. Bestel van my mooi sout, in goeie graansakke: A.1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 48/-, per ton. Onmiddellike versending, tevredenheid gewaarborg. —S. J. DE BEER, Soutwerk, Pk. Florisbad. 14/1/TK

## TE KOOP AANGEBIED

**BRANDHOUT.** — Wattle, 9 duim gesaag, 14/- per ton, spoor Mollissimasylyn, oor Greyton. Pryse vir pale, droppers, ens., op aansoek.—**HENNIE MENTZ,** Privaatsak, Greyton, Natal. 28/1/TK

**APPELS.** — Eerstegraad Ohenimuri teen 20/- per boeselkis. 30/50 enkellaag platkissies teen 5/-. Doeleinde teen 12/6 per boeselkis. Kontant of K.B.A. v.o.s. Bethlehem. Ander soorte later. Gewaarborg vry van appel-mot. — J. H. COETZEE, Woltemade, BETHLEHEM. Telefoon No. 1803. 25/2/3

## LANDSDIENS

(Vervolg van bladsy 7)

c. Die leiers moet uitgesoek word op grond van daardie hoedanighede wat hulle tot leierskap in staat sal stel.

d. Hulle moet vir die leierskap gevorm en opgevoed word sodat hulle kan voldoen aan die eise wat aan hulle gestel sal word.

Die leiers moet in staat wees om die vertroue van die jeug wat hulle in die arbeidsdiens moet lei, te verower en te behou. Alleen as hulle vertroue geniet, sal hulle kan **lei en sal hulle** gevolg word. Vertroue sluit ook agting in. Die jeug wil leiers hê na wie hy kan opsien. Die leiers moet vir die jeug goeie voorbeelde wees.

### GEESTELIK JONK

Dit is verder 'n noodwendige vereiste dat die leiers **innerlik jonk** moet wees, anders kan hulle nie leiers van die **jeug** wees nie. Hulle moet in staat wees om hulle in die gedagtewêreld, die geestesgesteldheid, dié aktiwiteitsdrang, die avontuurlus, e.d.m. van die jeug in te lewe. Die leiers moet die jeug begryp en die belewinge van die jeug meebelewe.

By die leiers moet 'n kragtige regverdigheidsin aanwesig wees. As hulle regverdig is en vertroue geniet, sal hulle op 'n natuurlike wyse die nodige dissipline kan handhaaf. Die gesag wat hulle na onder moet laat geld, moet berus op die vertroue wat hulle onder die jeug geniet, anders sal dit nie leiers-gesag wees nie maar drywers-gesag.

Die leiers moet verantwoordelikheid aanvaar en dra. Hulle kan dit nie ontwyk nie. Hulle is verantwoordelik vir die uitvoering van die taak wat aan hulle toevertrou is, — **elkeen is persoonlik verantwoordelik.** Daarom moet hulle 'n kragtige verantwoordelikheidsbesef hê en hulle moet deeglik toegerus wees vir die nakoming van hulle verantwoordelikheid.

### BELANGRIKHEID

**In Suid-Afrika kan die arbeidsdiens ontwikkel tot 'n belangrike instelling vir die opvoeding van ons seuns.** Prysenswaardige aanvoorwerk is reeds gedoen deur organisasies soos die Afrikaans-Nasionale Studentebond, die Voortrekkers, die Boerejeug, ens., terwyl die betrokke afdeling van die Departement van Landbou ook aanloklike fasiliteite vir landsdiensbeoefening bied. In baie dele van ons land is arbeidsdiens egter nog iets onbekends. Ons jeugorganisasies behoort hulle veel meer daarop toe te spits en ook ons skole behoort hulle daarvoor te beywer om landsdiens ingesluit te kry in die vryetydsbedrywighede van hulle seuns. Daarvoor is egter nie net fasiliteite nodig nie maar ook en veral 'n juiste begrip van die wese van die arbeidsdiens as opvoedingsinstelling.

**EEN GUERNSEY-BUL,** 4 jaar oud, goedgekeur. 'n Pragtige dier. Besigtiging sal verwelkom word. Eerste tjek van £45 kry hom. Rede van verkoop, moet hom uitsit. Doen aansoek by: D. J. POTGIETER, P.S. Weltevrede, KESTELL. 25/2/1B

**LUSERN te KOOP.**—Nuwe seisoense Eerstegraad lusern teen 5/9, goeie tweede graad 5/3 per 100 lb. K.M.B. V.O.S. Kirkwood. — **J. H. STIEMIE,** Bus 46, Kirkwood, K.P. Foon 413. Telegramme: Stiemie.

**SPEELSKEIE EN SWINGELS.** — Speelskeie gemaak van die beste natuurhout, goed ge-olie teen barste. Bottelvormig en dwars teen 4/- per paar. Ander tipes teen 5/- per paar. Swingels kompleet. Donkie teen 5/6; Muil teen 6/6 per stel gelewer Serpentine. K.M.B. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 11/2/TK

# VAKANSIE-LAERTREK TE COOPERSDAL

# 6 Tot 13 Julie 1948

**Gebied F nooi u hartlik uit na die vakansielaer van 6 tot 13 Julie 1948 op Coopersdal.**

**Die winterklimaat in die Oos-Transvaalse Laeveld is ideaal vir kampering in die oop lug gedurende Juliemaand. Vrugte en groente is volop. Die dae is heerlik en daar is geen reën wat ongerief kan veroorsaak nie.**

Soek u 'n aangename vakansie-oord vir Julie 1948? Kom dan na Oos-Transvaal. Besoek die Krugerwildtuin of gaan maak kennis met Lourenco Marques en **reël dit met gemak so dat u ook die Laertrek bywoon te Coopersdal** reg op u pad.

Die laer sal as volg ingedeel word:

(a) Mans en Boereseuns.

(b) Vroue en Boeredogters.

(c) Gesinslaer. Waar die gesin graag saam wil bly, word so gereël dat gesinne apart saam getrek word.

### BENODIGDHEDE

Tente. Elke gesin of groep moet vir hul eie tente sorg.

Lantenrs moet gebring word. O.B.- en F.A.K.-sangbundels. Bybel, Psalm- en Gesangboek. Skryfbenodigdhede en aantekenigboek. 4 komberse. Kampbed of matras. Hoed of helmet. Skeergereedskap. Ekstra paar skoene. Jas. Stoel. Wasbare klere. Tandeborsel. Emmertjie, skottel en spieël. 2 handdoeke. Seep. Skoenwaks en borsel.

### LAERFOOI

(a) Elke volwasse persoon wat die laer bywoon moet by sy/haar aankoms die bedrag van £1 10s. aan laerfooi betaal. Waar die man en vrou die laer bywoon is die laerfooi £1 elk.

(b) Offisiere en lede van die Boerejeug betaal £1 aan laerfooi. Waar drie broers en susters die laer bywoon is die fooi as volg: 15/- elk vir die eerste twee en 10/- vir die derde een. As daar meer as drie kinders van een gesin kom, betaal elkeen van die kinders wat kom 10/- elk. Jeugoffisiere moet onmiddellik begin met die insameling van fondse vir die reis- en verblyfkoste van jeuglede.

(c) Boerejeugoffisiere en lede wat nie die laerfooie kan betaal nie, is baie welkom om die laertrek by te woon. Moet nie dat die laerfooi u weghou nie.

(d) As die hele gesin kom, is die laerfooi as volg: Ouers £1 elk en 10/- vir elke kind bo ses jaar.


### SOMMER NABY

Coopersdal is naby die grootpad wat aan die suidekant toegang verleen tot die wildtuin vanaf Komatipoort of tot die Portugese gebied ooswaarts. Ry tot op Komatipoort en swaai 'n kort 9 myl suidwaarts in Transvaal op die Komatipoort-Swasilandpad uit en u is op Coopersdal — 'n lieflike omgewing. **U is op die laerplek en dan net 20 myl van die ingang tot die Krugerwildtuin en sowat 90 myl van Lourenco Marques.**

Alle lede van die Ossewabrandwag wat die laer wil bywoon moet asseblief vroegtydig in verbinding tree met die Stafhoof, Gebied F. Posbus 1230, Pretoria. Doen dit gou; u sal nie spyt wees nie.

Die laer sal onder leiding staan van offisiere van Gebiedshoofkwartier F.

Let wel: Bestudeer die bygaande kaart.




# V.V.O. WIL MET WAPENGEWELD VERDELING AFDWING

**Die Palestynse kommissie van die V.V.O. vra in sy verslag wat so pas gepubliseer is, dat die Veiligheidsraad 'n internasionale gewapende mag in die lewe moet roep wat die verdeling van Palestina met geweld kan afdwing.**

**Die toestand in Palestina is ernstig en die kommissie kan nie die orde handhaaf en verdeling deurvoer as hy nie 'n militêre mag het om hom te help nie. Hiersonder sal die grense nie vasgestel kan word nie, aldus die verslag.**


# WOLPRYSE

**L. Oosthuizen, Dewetsdorp:** 1ste Vliese 45d.; 2de Vliese 42½d.; Stukkies 37d.; Penswol 36d.; Rugwol 34d.; Loks 16d.
**E. J. Pelser, Bloemfontein:** Vliese 44d.; Penswol 33½d.; Loks 16d.
**F. P. Senekal, Steylerville:** C; F; Vliese 40d.; D; F; Vliese 36d.; Stukkies 38½d.; Penswol 32½d.
**A. W. en R. P. Bredell, Kroonstad:** A; M; 41d.
**S. J. Becker, Bultfontein:** A; M; 40d.

**Pragtige pryse en goeie wol!**
**Onnodig om te sê, dit maak die beursie vol!**
**Haal die hoogste pryse ook vir u wol!**
**Laat dit in die hande van P. W. POHL.**

***Stuur dadelik u kortwol en lammerwol aan:***

# P. W. POHL

**POSBUS 438, PORT ELIZABETH.**

***VIR GROTER WOLWINSTE!***

# WAARDE EN BETEKENIS VAN ARBEIDSDIENS

# LANDSDIENS

(Vervolg)

Met betrekking tot die arbeidsdiens as opvoedingsinstelling moet nog veral op die volgende gewys word:

(i) Die arbeidsdiens dra geen by uitstek intellektuele karakter en word ook nie in die diens van intellektuele vorming aan-



Prof. Cronjé

gewend nie. Dit dra in hoofsaak die karakter van belewing en dit word in die diens gestel van die opvoeding tot lidmaatskap van (d.w.s. eenwording met) die eie volk en van die daadwerklike uitlewing van die lewensbeskouing van die eie volk. Die idee van volks-

*Deur Prof. Dr. G. Cronjé*

diens word belewe deur onbaatsugtige arbeidsdiens (wat wesenlik volksdiens is) te verrig en dit so te verrig dat dit vir hom wat homself in die diens van die volksgemeenskap stel, diensvreugde en lewensverryking besorg. Eintlik beteken dit ook dat die jeugdige aktief vir homself lidmaatskap van sy eie volk verower deur daardie volk belangeloos te dien.

(ii) Die arbeidsdiens wil by die jeug 'n juiste begrip van die wese van die arbeid tuisbring — arbeid nie net in die sin van beroepsarbeid nie maar in die sin van alle doelgerigte werksaamheid wat betekenis het vir die instandhouding en ontwikkeling van die volksgemeenskap. Veral is dit die bedoeling om daarop nadruk te lê dat die betekenis van die arbeid veel verder strek as net die blote broodwinning en dat die arbeid wesenlik volksdiens is. Die arbeidsdiens wil by die volksjeug 'n opregte waardering vir die arbeid in die algemeen en vir die handearbeid in die besonder aankweek. Dit wil die regte arbeidsgesindheid by die jeug tuisbring.

KLASSEVERSKIL

(iii) Die arbeidsdiens moet daartoe bydra om die klasse-onderskeidings (of -verskille) wat binne die volksgemeenskap bestaan, b.v. tussen „arbeiders" en „intellektueles" of „armes" en „rykes", te oorbrug en die nasionale saamhorigheidsgevoel in en deur die arbeid te versterk. Seuns van alle „klasse" en „stande" word in dieselfde arbeidsdiensgroep ingesluit, dra dieselfde soort klere, eet dieselfde soort kos en verrig dieselfde soort werk. En die seun van die rykman of die geneesheer of die predikant kan nie op grond van die maatskaplike aansien van sy vader die leier van sy groep word nie maar alleen op grond van sy eie hoedanighede en prestasies, terwyl die weg vir die seun van die arm man of die padmaker of die messelaar oop is om op grond van sy eie hoedanighede en prestasies die leier van sy arbeidsgroep te word.

KAMERAADSKAP

(iv) Die saamhorigheidsgevoel wat in en deur die arbeidsdiens aangekweek word, moet die stempel dra van kameraadskaplikheid, en moet tot uiting kom, nie alleen in die gesamentlike arbeidsverrigting en prestasies nie, maar ook in die onderlinge hulpvaardigheid en wedersydse waardering wat werklik kamerade teenoor mekaar bewys en koester. Met die versterking van saamhorigheid en kameraadskaplikheid word allermins die aanmoediging van oppervlakkige en ligsinnige joligheid bedoel. Inteendeel, die saamhorigheid en kameraadskaplikheid moet bydra tot die lewensverdieping van die jeug en ook tot die besef van onderlinge verbondenheid binne een volksgemeenskap waarin die lief en leed van die een ook die van die ander is, d.w.s. dit moet die karakter van egte broederskap en hoederskap dra.

SAAMHORIGHEID

(v) Deur die arbeidsdiens moet by die volksjeug die bewustheid tuisgebring en versterk word dat hulle deel uitmaak van een en dieselfde volksgemeenskap. Die jeug moet langs die weg van die arbeidsdiens leer om in daardie volksgemeenskap hulle gemeenskaplike belange en strewe te vind. Dit sal byda tot die versterking van die nasionale saamhorigheid. Die bewustheid van die gemeenskaplikheid wat daar onder volksgenote bestaan, moet in die arbeidsdiens by die volksjeug opgewek word deur gesamentlike belewing van die eie volksgeskiedenis, volksrigting, volkskultuur, volksvraagstukke, volksarbeid, ens. Hierdie gesamentlike belewing moet veral geskied langs die weg van die gesamentlike aktiwiteit (arbeid, spel, musiek, sang, ens.) en die gesamentlike aanskouing (die rolprent veral), asook deur uiteensettings aan te hoor van hoedanig die volk is en wat hy wil bereik.

VOLKSWIL

(vi) 'n Kragtige nasionale saamhorigheid, gepaard met 'n heldere doelbewustheid, is die voorwaarde vir die versterking van die volkswil. Die volkswil is geen vae idee of abstraksie nie, — dit is die volksgemeenskaplike wil om te bestaan, om te doen, om te stry, om te oorwin, om voort te bestaan, om groot te word en om selfverwerenliking te vind. Die wakkere en doelgerigte volkswil moet voer tot die mobilisasie van die volkskragte in die diens van die bereiking van die volksbestemming en die verwesenliking van die volksideale. Die arbeidsdiens moet deel van daardie mobilisasie wees, — die mobilisasie van die wilskrag en die daadkrag van die volksjeug.

KARAKTERSKEPPEND

(vii) Die arbeidsdiens as opvoedingsinstelling moet die volksjeug vir deelname aan die lewe van die volk opvoed. Dit moet by die jeug daardie hoedanighede en karaktertrekke aankweek wat die volksgemeenskap by sy lede aanwesig wil hê, o.a. arbeidsaamheid, toewyding, pligsbesef, verantwoordelikheidsgevoel, saamhorigheid, eergevoel, trou, gesagseerbiediging, dissipline, ondernemingsgees, volharding, ens. Die arbeidsdiens moet dus die volkslewe ten goede kom, nie net deur die konkrete arbeid wat verrig word nie, maar ook en veral deur by die jeug daardie hoedanighede aan te kweek wat vir die volkslid in die besonder en vir die volksgemeenskap in die algemeen waarde het.

LEIERSKAP

(viii) Die kwessie van leierskap is in die arbeidsdiens as opvoedingsinstelling van fundamentele betekenis.


In verband met die arbeidsdiensleiers moet o.a. die volgende in aggeneem word:

a. Hulle moet nie alleen uit die volkslewe spruit nie maar ook uit die arbeidsdiens self groei.

b. Hulle moet die draers en vertolkers en verkondigers wees van die egte lewensrigting van die volk en hulle moet in staat wees om deur hulle leierskap die jeug in die arbeidsdiens daardie lewensrigting te laat belewe.

(Vervolg op bl. 6)

## Offisiere, Gebied F



Hfkomdte. B. C. Seymore



Oud-Genle. C. W. Rautenbach

# Gemengdheid Aan Universiteite Maak Agitators Van Nie-Blankes

**Algehele apartheid tussen blank en nie-blank op akademiese gebied is die beste stelsel wat in Suid-Afrika toegepas kan word, aldus dr. E. G. Malherbe, hoof van die Natalse Universiteitskollege in sy getuienis voor die Gekose Komitee wat 'n private wetsontwerp vir die Universiteit van Natal ondersoek. Dr. Malherbe, wat hoof van die regering se voorligtingsdiens was, staan bekend as iemand wat „rotsvas" by die Smutsbewind staan en alles goedpraat wat die regering doen, o.a. ook in verband met dubbelmedium-onderwys. Sy houding ten gunste van segregasie, kom dus as 'n verrassing.**

Dr. Malherbe het aan die komitee beduie hoe segregasie tans aan die Natalse Universiteitskollege werk. Die nie-blanke studente het 'n aparte biblioteek, 'n eie studenteraad, woon nie saam met blankes lesings by nie, maar word in aparte geboue onderrig. Hulle lê egter dieselfde eksamens af.

Hy meen dat die kritiek wat op die Universiteitskollege uitgespreek is oor die skeiding van die twee rasse, omdat dit sou verhoed dat die studente verstandelik geprikkel word, nie opgaan nie. **Ondervinding het getoon dat die voordele van aanraking met mekaar twyfelagtig is.**

Wanneer die nie-blanke studente apart is, is hulle meer spontaan en is hulle minder bang dat hulle minderwaardig teen die blanke student sal afsteek.

AGITATORS

Aan die gemengde universiteite soos Kaapstad en Johannesburg, is daar 'n definitiewe maatskaplike skeiding tussen die nie-blankes en blankes wat die nie-blanke minderwaardig laat voel. **Daar bestaan sterk twyfel, aldus dr. Malherbe, of die feit dat blanke en nie-blanke studente in die gange teen mekaar skuur en in die klasse saam sit, op die duur 'n beter verstandhouding tussen die twee rasse te weeg bring.**

Die feit dat die nie-blankes deur sommige blanke studente verafsku word, knaag gedurig aan die siel van die nie-blanke op gemengde universiteite.

Waarom moet hulle dan gedurig aan afjakke blootgestel word? het die geleerde gevra. **Dit kweek net by hulle 'n wrok en minderwaardigheidsgevoel. Wanneer die nie-blanke versmaai word, soek hy troos by die Kommunisme, en maak ons universiteite van hulle agitators.**

VERDER HOE BETER

Hierdie verklaring is deur die Engelse pers verwelkom as 'n oplossing van die probleem. Indien die twee groepe naas mekaar opgelei word, maar tog apart, so skryf die Cape Times, kan daar nie gesê word dat die nie-blanke minderwaardige onderrig ontvang in vergelyking met die blankes nie.

Maar dieselfde besware wat dr. Malherbe opgenoem het vir gemengde klasse geld ook vir paralelle klasse aan dieselfde inrigting. Dieselfde gevoel van wrok en minderwaardigheid sal tog ook by die nie-blanke opkom as hy op dieselfde universiteitsterrein blootgestel word aan die afjakke van blanke studente. Dit is slegs 'n graduele verskil wat bereken is op vermindering van wrywing en nie van uitskakeling daarvan nie.

**As rassewrywing verminder word namate die rasse verder uitmekaar gaan, dan is dit logies dat wrywing alleen uitgeskakel kan word deur volledige skeiding.**

## Kommuniste In België

Die Kommunistiese Party in België word daarvan beskuldig dat hy verantwoordelik is vir die staking in die poswese. Die Belgiese eerste minister, Spaak, het verklaar dat dit ten doel het om die Marshallplan te laat misluk.

# S.A. SOEK NUWE MARKTE MET OOG OP TOEKOMS

**Suid-Afrika doen tans alles in sy vermoë om nuwe markte in die buiteland te vind en ondervind in hierdie verband sterk mededinging van Amerika, Frankryk, Australië en ander lande. Die soek na nuwe markte het nie net betrekking op die feit dat Britse kolonies in Afrika Suid-Afrikaanse goedere boikot nie, maar ook as gevolg van toenemende plaaslike produksie sodat daar in die toekoms 'n afsetgebied vir hierdie goedere sal wees, na gesaghebbend aan Die O.B. meegedeel is.**

Daar word egter erken dat die uitvoer van sekere produkte soos mielies, ingemaakte vrugte en suiker om markte in die buiteland op te bou dikwels ten koste van plaaslike verbruikers is. Maar indien die Unie wil tred hou met ander produsente moet die verbruikers bereid wees om hierdie opoffering te doen ten einde 'n mark vir die toekoms te verseker, word verklaar.

**Daar word egter erken dat die uitvoer van voedselware gedurende die oorlog nie plaasgevind het met die doel om nuwe markte te skep nie, maar om Brittanje aan die lewe te hou. Tans word hierdie „liefdesdaad" beloon met diskriminasie teen Suid-Afrikaanse produkte.**

# HET REGERING VERHOED DAT BANDIET-IMMIGRANT GEDEPORTEER WORD ?

**Die feit dat „iemand" tussenbei getree het om te verhoed dat 'n tronkvoël-immigrant gedeporteer word, is verlede week openbaar gemaak in die Kaapstadse hof toe die staatsaanklaer, mnr. J. L. Swanepoel, aan die magistraat gesê het dat daar reeds voorheen aansoek gedoen is om die beskuldigde te deporteer, maar dat „iemand tussenbei getree het."**

Die beskuldigde is 'n 28-jarige Britse immigrant, Irving Greenberg, wat verlede jaar na Suid-Afrika gekom het, maar sedert dien meeste van die tyd in die tronk deurgebring het. Hy het in Kaapstad verskyn op aanklag dat hy 'n motor in Johannesburg gesteel en daarmee na Kaapstad gery het waar hy 'n valse naam by 'n hotel opgegee het. As verskoning het Greenberg aangevoer dat hy na Kaapstad gekom het om saam met sy vriend oor die radio op te tree.

Hy het twee vorige veroordelings vir bedrog, huisbraak en diefstal sedert sy aankoms in Suid-Afrika erken, wat hom vir sewe maande in die tronk besorg het.

### TUSSENBEI

**Die staatsaanklaer het voorts verklaar dat na sy vorige veroordeling aansoek gedoen is vir sy deportasie, maar dat „iemand tussenbei getree het".**

Die magistraat het hom tot vyf maande harde pad veroordeel waarna hy gedeporteer moet word. Die moontlikheid bestaan dat dit weer verhoed kan word.

**Die vraag kom op wie daardie „iemand" is wat die mag het om tussenbei te tree vir 'n veroordeelde immigrant. Het ons hier 'n herhaling van wat tydens die oorlog gebeur het toe Britse matrose deur bemiddeling van die Minister van Justisie, dr. Colin Steyn, die tronkstraf vrygespring het wat hulle opgelê is vir motordiefstalle? Het ons 'n herhaling van die Smith-geval, toe die Minister van Justisie aanbeveel het dat 'n Britse soldaat wat 'n dogtertjie vermoor het, vryskelding verleen word van die galg omdat hy dankbaarheid wou bewys teenoor die Britse leër?**


### DEPARTEMENT

Dit behoort tog duidelik te wees dat geen privaat persoon of organisasie van buite kan inmeng in die verloop van die gereg nie. As aansoek om deportasie nie uitgevoer is nie, omdat „iemand tussenbei getree het", dan beteken dit dat iemand in 'n gesagsposisie binne die Departement van Justisie verhoed het dat aansoek aan die Departement van Binnelandse Sake gedoen is vir die deportasie, of die Departement van Binnelandse Sake het geweier om gevolg te gee. Is dit meer as toeval dat dr. Colin Steyn gedurende die tyd dat hierdie aansoek gedien het, waarnemende minister van Justisie was?

### SO NODIG?

Moet aangeneem word dat die regering 'n immigrant met 'n tronk-rekord wil verskoon „uit dankbaarheid" dat hy na Suid-Afrika gekom het om ons „arbeidsvraagstuk" te help oplos, of is die behoefte aan Britse immigrante met die oog op die behoud van Suid-Afrika as Britse basis werklik so groot dat dit nie bekostig kan word om één van genl. Smuts se „slegtes" weer die land uit te stuur as hy meer van sy tyd in die tronk deurbring as daarbuite nie?

## Vind Dit Baie Lonend



**Die dobbelgees het in die laaste tyd ongekende afmetings in Brittanje aangeneem. Op perdereisies alleen word, volgens berekening van 'n kerklike kommissie kort gelede, jaarliks £450,000,000 verwed. In watter mate die gees ook vaardig geraak het onder die jeug blyk uit newegaande foto. 'n Vyftienjarige seun se stokperdjie is om modelle van reisiesperde te koop, dit dan te verf in die kleure van bekende perde-eienaars, en aan die publiek te verkoop. Die byskrif tot die foto lui dat dit 'n stokperdjie is wat betaal.**

## Onthou Vryheidsdag-viering 27 Febr.

# Sowjet-Agente In Brittanje Gedeporteer

## In Unie Nog Baie Welkom

**Net soos in Suid-Afrika, vloei daar vandag 'n stroom immigrante uit alle dele van die wêreld na Brittanje en dit blyk nou uit 'n ondersoek wat die speurdiens van Scotland Yard ingestel het, dat daar honderde vreemdelinge in Brittanje is wat spesiaal na Brittanje Gestuur is om daar op te tree as Kommunistiese agente. Vyf Bulgare is reeds gedeporteer en baie ander sal, volgens 'n berig uit Londen, uit Brittanje gedeporteer word.**

**Hierdie persone is goed voorsien van geld en is besig om in die vakbondkringe in te dring. Daar word gemeen dat hulle deur die Kommunistiese Internasionale Inligtingsburo gestuur en betaal word.**

Die speurdiens is reeds 'n geruime tyd bewus van die bedrywigheid van talle vreemdelinge in Brittanje, maar daar is eers opgetree nadat sekerheid verkry is. Die meeste van hierdie persone kom uit die Balkanlande wat tans onder Russiese beheer staan.

**Watter maatreëls tref ons regering om te verhoed dat soortgelyke Russiese agente Suid-Afrika binnekom? Die volk kan alleen oordeel na die volgende feite:**

**(1) 'n Russiese konsulaat wat kolossaal is in verhouding tot die geringe handelsverkeer tussen die Unie en Rusland, word hier toegelaat terwyl oudkommuniste in Kanada en Amerika onder eed verklaar dat elke Russiese lid van 'n buitelandse verteenwoordiging aan die hoof van 'n spioenasiering in die betrokke land staan.**

(2) 'n Skeepsvrag ongewenste immigrante het 'n paar weke gelede die openbare mening in die Unie beroer en die verskoning van die Minister van Binnelandse Sake was dat hy „niks van die hele saak af weet nie".

**(3) In die loop van verlede jaar is 'n voormalige Russiese burger, met die naam van Raphael Gelvan, uit Litoue genaturaliseer. As beroep het hy opgegee „vakbondorganiseerder". Hierdie oud-Russiese vakbondorganiseerder is nie net met ope arms deur die Smutsbewind verwelkom nie, maar selfs met burgerskap beklee!**

Heeltemal daadloos is die regering darem nie. Hy het by voorbeeld belet dat Afrikaners wat aan die Ossewabrandwag behoort, in die staatsdiens of selfs in 'n dranklisensieraad mag dien, en volgens genl. Smuts in die parlement verklaar het, is ook belet dat Afrikaners wat aan die Ossewabrandwag behoort lede van die Unie se burgermag mag word. Suid-Afrika is dus baie deeglik beskerm teen die kommunisme!

# Naderende Stemdag Bring Fladdering In Politieke Hok

**Die datum van die algemene verkiesing word deur die regering as 'n sorgvuldige geheim bewaar, en van opposisiekant word daar wild en wakker gegis oor wanneer die donderslag uit die blou-geverfde lug gaan neerslaan. Maar die waaksame oog van die politici het reeds groot donderwolke gewaar.**

In die parlement is van H.N.P.-kant die bewering gedoen dat meer as die helfte van die kieserslyste al gedruk is. Mnr. Lawrence het dit ontken en gesê dat hierdie week eers 29 voltooi sal wees. Verder is daar gewys op die vertrek van genl. Smuts na Engeland waar hy op 10 Junie die kanselierskap van die Universiteit van Cambridge gaan ontvang. **Dit gee aanduiding dat die verkiesing òf baie laat òf baie vroeg sal wees, word beweer.** Dat dit eerder vroeg as laat sal wees, word aangedui deur die algehele afwesigheid van belangrike wetgewing gedurende hierdie sitting. Na die begroting op 17 Maart is daar glo niks werk meer oor vir die parlement nie, sodat verwag word dat die volksraadslede teen die einde van Maart huis-toe gestuur sal word om op hul setels te gaan broei.

### BEGROTING

Aangesien verwag word dat die begroting hierdie keer heelwat krummels na die kant van die gewone kieser sal laat val, word gemeen dat die verkiesing baie kort op die begroting sal volg, en die feit dat die datum vir die begroting verskuif is van einde Februarie, soos gewoonlik, na die helfte van Maart, kan van groter strategiese belang wees as wat die nuwe Minister se verduideliking, as sou hy dit nog eers wou bestudeer, inhou.

### OOREENKOMS

Die belangrikste aanduiding van 'n vroeë verkiesing is egter die haas waarmee die regeringsparty besig is om sy kandidate te benoem.

**Inmiddels is berig dat die Verenigde Party en die linksgesinde Arbeidersparty besig is om onderhandelings te tref met die oog op 'n setelverdeling. Genl. Smuts het in dié verband verklaar dat hy die reg van die Arbeidersparty om in die parlement sitting te hê, erken, maar dat dit nog enige weke mag duur voor 'n finale ooreenkoms bereik is.**

Kapitalis en amperkommunis gaan mekaar dus die hand gee.

Die kombinasie teen die regering sal waarskynlik bestaan uit 'n losse samewerking tussen die H.N.P.—A.P., die Cadmangroep, die Madeley-Arbeidersgroep en die Stallard-party. Hierdie groepe het min of meer 'n gemeenskaplike rigting ten opsigte van die kleurvraagstuk.

# PETROL WORD NIE NOU AL GERANTSOENEER

Nadat die publiek die afgelope tyd die skrik op die lyf geja is deur verklarings van die regering dat petrol moontlik gerantsoeneer sal word, het die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling die afgelope week 'n verklaring uitgereik waarin verklaar word dat die toevoer van petrol tans so gereeld is dat dit nie rantsoenering nodig maak nie. Dit is die gevolgtrekking waartoe gekom is nadat met die oliemaatskappye onderhandel is.

**Tenspyte van die verklaring van die regering dat daar geen vrees bestaan vir 'n petroltekort nie, blyk dit tog uit berigte dat daar werklik 'n petroltekort in die buiteland en veral in Amerika bestaan.** Amerika het reeds 'n blitsverbod van agt-en-veertig uur uitgevaardig waaronder geen uitvoerpermitte vir petrol uitgereik is nie. Dit het ten doel om sy eie tekort te verlig. Nuwe inkorting van die uitvoerkwota word reeds in die vooruitsig gestel.

Met die ingang van Maart sal petrol weer in Nu-Seeland gerantsoeneer word. Rantsoenering is daar kort na die einde van die oorlog opgehef. Argentinië sowel as Swede oorweeg ook weer rantsoenering.

**In die lig van hierdie feite meen politieke waarnemers dat die verklaring van die regering dat daar genoeg petrol is sodat die Unie nie nodig sal hê om te rantsoeneer nie, maar net 'n verkiesingsbelofte is wat na die verkiesing sal verval.**

# „LEWE" OP MARS

Sterrekundiges het vasgestel dat daar „lewe" op Mars bestaan maar dat dit slegs 'n baie primitiewe vorm van lewe is. Die waarneming het plaasgevind toe Mars die afgelope week op sy naaste aan die aarde was en 'n nuwe, sterk teleskoop gebruik is.

Daar word gemeen dat die lewe wat daar bestaan waarskynlik korsmos is aangesien dit nie reën nodig het nie en in staat is om vogtigheid uit die lug op te neem. Die klimaat van Mars is uiters koud en wissel waarskynlik tussen 'n paar grade bo vriespunt tot sowat 80 tot 100 grade benede vriespunt.